ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

www.minnaartoere.co.za

NAMAKWALAND & WESKUS TOER
17 – 24 AUG 2020

"Op die groot saaidag van die Heelal, het reeds 'n entjie duskant Wupperthal, oor die kaal Noordweste, 'n sakkie van die Heer se beste saad per ongeluk gelek, gelek ……. en uit geval….!" D J Opperman

NAMAKWALAND en die WESKUS! 'n Kombinasie van veldblomme, bokkems en atmosfeer! Kom saam na hierdie wêreld wat jaar na jaar homself tooi in die beste skouspel van kleure!

MA 17 AUG

Ons vertrek om 06:00 vanaf die Garden Court Hotel in Hatfield H/v Pretorius- en Endstrate. U moet reeds daar wees om 05:30. Ons reis deur Ventersdorp, Coligny, Sannieshof, Delareyville, Vryburg en stop vir 'n besoek aan die Oog van Kuruman, 'n onuitputlike fontein van vars water wat 'n rol gespeel het met die plasing van die dorp. Dit is die grootste natuurlike fontein in die Suidelike halfrond. Die fontein lewer 20 miljoen liter water daagliks en is in 1992 tot 'n Nasionale Monument verklaar. Ons reis verder deur Olifantshoek tot in Upington. Ons gaan kyk ook na die langste palmlaning wat baie jare gelede aangeplant is asook die donkie standbeeld. **Aandete en oornag Upington.**

DI 18 AUG

Na ete reis ons verder en besoek die **Augrabiese Waterval** wat 145m oor die rotse stort. Die waterval het sy naam gekry van die Hottentot woord "aukoerebis" wat "groot geraas" beteken. Ons roete gaan verder oor Kakamas, en Keimoes waar ons stop by die **Keimoes padstal** om van sy groot verskeidenheid droëvrugte en neute te koop. Ons stop ook by die Prettige Pittige Propvol Pienk Padstal! Ons sit ons reis voort verby Pofadder tot by Springbok, die hoofstad van Namakwaland. Ons ry ook in die rigting van Okiep en Nababeep en verlustig ons in die skouspel van oranje gousblomme. **Aandete en oornag Springbok.**

WO 19 AUG

Na ontbyt maak ons 'n draai by die Springbok Kafee waar hulle 'n groot verskeidenheid van boeke en kaarte oor Namakwaland het en ook 'n besondere uitstalling van halfedelgesteentes. Vandag neem ons reis ons verder via Kammieskroon en Garies, 'n dorre landskap wat verras met sy kaleidoskoop van kleure

The Rooibos Bush, Aspalathus linearis

Ons drink lekker koffie en geniet die vrolike atmosfeer by Garies se Toeriste Winkel. Ons sal reël dat 'n paar van die plaaslike kinders vir ons 'n Rieldans kom doen. Voort na Van Rhynsdorp waar ons 'n vetplant kwekery sal besoek. Daarvandaan na Klawer waar ons gaan wynproe by die plaaslike kelders.
Aandete en oornag Klawer.

DO 20 AUG

Net na ontbyt ry ons oor die Vanrhynspas in die rigting van Niewoudtsville en besoek die Waterval wat in die Doringrivier lê, asook die Matjiesfontein Blomplaas waar daar 'n groot verskeidenheid blomme te sien is. Ons eet middagete by die NG Kerk Nieuwoudtsville. Hiervandaan reis ons na **Clanwilliam.** Hierdie pragtige dorp by die Sederberge is Rooibos wêreld. Ons besoek die **Ramskop Veldblomtuin**, hier kan ook gemengde vygiesaad gekoop word asook saad van madeliefies en gousblomme. Ons reis verder tot by **Lambertsbaai.** Indien daar genoeg tyd is stap ons oor die **hawemuur** en besoek die bekende **Voëleiland**, broeiplek van duisende malgasse, duikers en seemeeue. Vanaand geniet ons die heerlike verskeidenheid van kos by die opelug restaurant **Muisbosskerm** wat op die strand geleë is. Dit is voorwaar 'n Weskus belewenis!
Aandete en oornag Lambertsbaai.

VRY 21 AUG

Na 'n heerlike ontbyt ry ons terug na Clanwilliam en besoek die **Rooibosteefabriek** vir 'n inligtingsvideo oor Rooibostee en ons geniet 'n verfrissende koppie tee! Rooibostee produkte kan by die fabriek gekoop word. Ons besoek ook die **Strassberger Velskoenfabriek** waar ons leerskoene kan koop en kyk hoe dit gemaak word. Hiervandaan neem ons roete ons deur Piketberg, waar ons fotos kan neem van die besondere mooi NG Kerk. Ons ry deur die Piekenierskloofpas en stop by die uitkykpunt van waar ons 'n mooi uitsig het oor die Swartland met sy groen koringlande en sy goudgeel Canolavelde. Ons swenk weg na Velddrif en ry na Saldanhabaai waar ons oornag! **Aandete en oornag Saldanhabaai.**

SAT 22 AUG

Na ontbyt ry ons in die rigting van **Velddrif** en hier besoek ons **"Die Bokkemlaan"** en leer meer oor hierdie besondere gedroogde vissies. Ons besoek die interessante winkeltjie in die Bokkemlaan! Hierna vat ons die pad na **Paternoster en Tietiesbaai**. Ons kuier in Paternoster se winkel waar allerlei produkte verkoop word. Paternoster se strand het ook sy eie bekoring met klein vissersskuite wat die mooiste foto's maak. Ons volg die pad na die **Cape Columbine Natuurreservaat** en stop by die lighuis van waar daar 'n pragtige uitsig is. Ons ry verder tot by Tietiesbaai, waar Pieter Pieterse en sy Ingelsman gewoon het. Op ons pad terug na Saldanhabaai ry ons deur Jacobsbaai. **Aandete en oornag Saldanhabaai.**

SO 23 AUG

Na 'n heerlike ontbyt ry ons deur Langebaan en besoek die Weskus Nasionale Park. Ons maak 'n draai in die **blomryke Postberg Natuurreservaat**, met sy pragtige blomme, rotsformasies en bokke wat rustig wei. Hierna vertrek ons met die N7 na Kaapstad. Ons besoek Kirstenbosch met sy kleurryke tuine en Seinheuwel waarvandaan ons 'n pragtige uitsig oor die stad het. **Aandete en oornag Kaapstad.**

MA 24 AUG

Na ontbyt besoek ons die Kompanjietuine. Daarna vertrek ons na die lughawe vir ons vlug na Johannesburg.

Hierdie toer en die wonderlike herinneringe aan Namakwaland, die veldblomme en die nostalgie van die Weskus, sal u nog vir lank onthou!
KOM REIS SAAM DIT IS SO SPESIAAL!!!

Deposito	Prys	Enkelbybetaling	Vertrek om	Opklimpunt
R2 000	R12360	R1935	06:00	Garden Court Hotel

Bankbesonderhede	• Naam van Rek: AMT • FNB Tjekrekening • Rek nr 626 168 615 07 • Takkode 254 005
Deposito	• Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor vertrekdatum van die toer.
Verwysingsnommer	• Gebruik asb die volgende verwysingsnommer anders kan ons nie u betaling allokeer nie: • NKW1 gevolg **deur u van** [bv NKW1-Pienaar]
Kontant inbetalings	• **ONS AANVAAR GEEN KONTANT INBETALINGS NIE.** Maak asb gebruik van bank of internet oorplasings. • Epos asb u voltooide besprekingsvorm en bewys van betaling na info@minnaartoere.co.za of faks na 086 628 6146.
Toerprys sluit in	• Vlug vanaf Kaapstad na Lanseria • Vervoer in luukse bus • Baie goeie akkommodasie • Ontbyt en aandete elke dag • Alle toegangsgelde soos op program aangedui **Besienswaardighede by hierdie toer ingesluit is soos volg:** • Kuruman Oog, langste Palmlaning, Donkiestandbeeld, Upington • Augrabiese Waterval, Keimoes se Padstal • Springbok Kafee vir boeke, kaarte en half edelgesteentes • Prettige Pienk Padstal • Garies se toeristewinkel en die Rieldansers • Muisbosskerm Opelug Restaurant op strand: aandete • Rooibostee Fabriek • Strassberger Velskoen Fabriek • Ramskop Veldblomtuin • Bokkemlaan, Velddrif • Paternoster Winkel en Hotel • Cape Columbine en Tietiesbaai • Matjiesfontein Blomplaas • Waterval by Niewoudtsville, vetplant kwekery • Postberg Natuurreservaat • Kirstenbosch, Kompanjietuine • Seinheuwel

Toerprys sluit uit	• Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R90 pp fooitjie vir gidse & bagasiehantering tydens die toer • R90 pp minimum bydrae vir busbestuurder
Belangrik	• Alle roetes, toerpryse, busse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering.

Vriendelike groete,

EMT SPAN